Maandag

Matteus 26: 26 – 31, 27: 15 – 26; Mat. 3: 13 – 16; Jer. 31: 31–34. Teks: Mat. 26: 28 “Want dit is my bloed, die bloed van die verbond wat vir baie uitgegiet word tot vergewing van sonde." Tema: Christus maak Hom deur sy bloed ons Herder. Ons kyk weer na ‘n kontras: die kontras tussen dit wat die Here Jesus Christus self met sy bloed doen en dit wat die Jode en geestelikes van hierdie wêreld met sy bloed doen. Die Here verklaar self tydens die instelling van die Nagmaal dat Hy sy bloed uitgiet sodat ons sondes vergewe kan wees. Die Jode maak hierdie verklaring: “ Laat sy bloed op ons en ons kinders kom.” Hulle maak hulle en hulle kinders aanspreeklik en verantwoordelik vir die uitgiet van die Here se bloed. Dit is die spanning waarin ons vandag leef: die Here laat ons onskuldig wees deur sy bloed terwyl die geestelikes van die wêreld die skuld vir die Here se dood oor ons en ons kinders bring. Die Here noem sy dood aan die kruis, die bloed van die verbond. Watter verbond? Die Here verwys hier direk na die verbond met Abraham soos openbaar in Jeremia 31: 31 – 34. Die verbond met Abraham word genoem die nuwe verbond met Israel. Dit is nie ‘n kontrak volgens die 10 gebooie waarin jy beloon word vir gehoorsaamheid en gestraf word vir ongehoorsaamheid soos verklaar in Deuteronomium 28 (die Sinaïverbond) nie. In dié verbond (die Abrahamsverbond) word sondes vergewe en aan sondes nie meer gedink nie, sorg God self dat Hy God is en sorg God dat jy sy kind is. Op hierdie wyse gee God jou dan weer die hart en verstand om Hom volgens sy wil te wil dien. Dit is hierdie verbond waarvoor die Here sy bloed uitgiet. Jesus Christus gebruik sy dood om ons sondes te vergewe en aan die sondes wat ons gedoen het, nooit weer te dink nie maar om te dink as Here aan sy liefde vir ons en ons liefde vir Hom. Hierdie is die verbond met Abraham én Dawid! Christus maak hierdie beloftes waar – vir ons in ons lewens. Dit is wat Hy self met sy bloed doen. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za Ds Petrus.

Dinsdag

Matteus 26: 26 – 31, 27: 15 – 26; Mat. 3: 13 – 16; Jer. 31: 31–34. Teks: Mat. 26: 28: “Want dit is my bloed, die bloed van die verbond wat vir baie uitgegiet word tot vergewing van sonde." Tema: 'Christus maak Hom deur sy bloed ons Herder.' Dit is die deurlopende getuienis oor Christus in die Matteus evangelie. Christus gebruik sy bloed om vir ons die verbond waar te maak in ons lewe. Dit is die aankondiging in die eerste openingsvers van Matteus: Jesus Christus is die seun van Dawid en die seun van Abraham. In Matteus 2: 1–6 word openbaar dat Jesus Christus is ons Herder, die Herder van Dawid volgens Ps. 23. Hy vervul só die Dawidsbelofte van 2 Sam. 7: 11 - . In sy strydgesprek met die Fariseërs in Mat. 22: 41 – 45 (dat Dawid sy eie Seun Here noem volgens Ps. 110) sê Jesus dit is wie hy ís: Hy is die seun van Dawid wat terselfdertyd Dawid se Here, sy Herder is. Só giet Jesus sy bloed uit – om die goeie Herder te wees wat God vir sy kinders is. In Matteus 1: 18–25 word openbaar dat Jesus Christus is Immanuel, God met ons. Hy is die Here wat vir ons die verbond waar laat wees: Ek sal julle God wees en julle sal my volk wees. Dit is wat Jesus Christus in sy doop deur Johannes openbaar: Hy is die goeie Herder wat sy lewe vir sy skape aflê – sodat sy skape altyd onskuldig in sy liefde en sorg leef. Hy lei hulle in die spore van geregtigheid deur nooit weer aan hulle sondes te dink

nie, maar net aan sy liefde vir hulle en hulle liefde vir Hom. Só vervul Christus alle geregtigheid deur sy bloed uit te giet (Mat. 3:15, 26:31). Só sluit die evangelie Matteus ook af: Aan die Here Jesus is alle mag gegee om Herder vir sy kinders te wees, groot en klein, en om God met hulle te wees, hulle in sy liefde te laat leef sonder skuld. Ons doop ons kinders want die doop bevestig aan hulle dat die Here hulle Herder is wat vir hul sondes geslaan is in hul plek en dat God só met hulle is: Ek is jou God en jy is my kind – Ek sal nooit weer aan jou sondes dink nie, maar aan my liefde vir jou! Preek beskikbaar op Google evangelie-vandag.co.za
Ds Petrus.

Woensdag
Matteus 26: 26 – 31, 27: 15 – 26; Mat. 3: 13 – 16; Jer. 31: 31 – 34. Teks: Mat. 26:28: "Want dit is my bloed, die bloed van die verbond wat vir baie uitgegiet word tot vergewing van sonde." Tema: 'Christus maak Hom deur sy bloed ons Herder.' Wat is die waanbeeld in die verklaring van die Jode, "...laat sy bloed op ons en ons kinders kom?" Dit is 'n leuen. Christus het self die aanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir sy dood in sy doop opgeneem. Hy het sy eie dood, op besluit, dit beplan, beskik en uitgevoer volgens die wil van sy Vader. Hy is die Herder wat sy lewe vir sy skape aflê. Die Here bevestig dit self só: "Om hierdie rede het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê sodat Ek dit weer kan opneem. Niemand neem dit van My weg nie maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het die volmag om dit af te lê en die volmag om dit op te neem. Hierdie opdrag het Ek van die Vader ontvang (Joh. 10: 17, 28). Die Jode en alle geestelikes vandag se magsbeeld dat hulle en hul kinders die aanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir die dood van Jesus dra, is 'n waanbeeld. Jesus Christus, wat as Herder nie aan sy skape se sondes dink nie, lê self sy lewe af en neem dit weer self op, uit liefde vir die Vader en vir sy kinders. Hierdie verwrongheid van die afgodsdiens in ons kerke lê diep en dit wys die duidelikste in die vyandskap teen ons kinders se dood as babas. Die rede vir hierdie vyandigheid teen al ons kinders se doop in en met Christus klink só: "Hulle mag dalk in een of ander verbond wees, maar hulle is nog nie onder die bloed van Jesus nie." Wat bedoel die geestelikes hiermee? Hulle bedoel ons kinders as babas is nog nie deel van die Here se vergifnis nie, is nie regtig kinders van God nie, maar net in naam en het nog nie deel aan wat Jesus Christus gedoen het nie. Hoekom nie? Want ons babas en kleintjies het nog nie hulle eerste bekering gehad nie. Wat is hierdie gewaande eerste bekering? Dit klink wêreldwyd só: "Hy/sy en al ons kinders moet eers aanvaar dat hulle en hul sondes die oorsaak is vir Jesus se pyn, lyding en swaarkry. Hulle is skuldig vir die smarte en dood van Jesus. Dit is hoe hulle eers onder die bloed van Jesus moet kom voor hulle gered kan wees.
Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za Ds Petrus.

Donderdag
Matteus 26: 26 – 31, 27: 15 – 26; Mat. 3: 13 – 16; Jer. 31: 31 – 34. Teks: Mat. 26:28: "Want dit is my bloed, die bloed van die verbond wat vir baie uitgegiet word tot vergewing van sonde." Tema: 'Christus maak Hom deur sy bloed ons Herder.' Dit is hoe jy in afgodsdiens onder die bloed van Jesus kom! Jy moet glo en aanvaar jy is die oorsaak en so skuldig vir die pyn, smart en dood van Jesus. Wat is hierdie

wangeloof in die bloed van Jesus? Dit is nie wat die Here Jesus met sy eie bloed doen nie. Wat die Here met sy bloed doen, is om homself ons en ons kinders se Herder te maak wat nooit weer aan ons sondes dink nie omdat Hy daarvoor self sy lewe afgelê en weer opgeneem het. Die Jode het sy bloed vir iets anders gebruik: om hulle voor God rein te maak deur die aanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir sy dood op hulle en hul kinders te neem. In die bloed van die verbond dink God nie meer aan grotes of kleintjies se sonde nie omdat Christus dit op hom geneem het, en só doop ons ons kleintjies, ingesluit in die bloed van die verbond (Jer.31: 34). Die vyandskap van geestelikes teen ons kinders se doop, is die drif van die Jode: “ Laat sy bloed op ons en ons kinders kom.” En dan? Het die Jode hulle saak met God reg gemaak deur die aanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir Jesus se lyding, kruisiging en dood te aanvaar? Nee! Dit is ‘n waanbeeld! Jesus Christus lê self sy eie lewe af en neem dit self weer op om God se verbond met ons en ons kinders waar te maak in ons lewens – Hy sal nooit meer aan ons sondes dink nie, maar net aan sy liefde vir ons as ons Goeie Herder. Geestelikes stel ons en ons kinders vir ewig skuldig voor God deur die bloed van Christus op ons af te bid. Want só is ons nie net skuldig vir oortredings van God se gebod nie, maar is ons en ons kinders nou  ook skuldig voor die evangelie: Jesus Christus, en wie deur die evangelie van Jesus Christus skuldig gemaak word, kan deur niks weer ooit onskuldig gemaak word nie. Daarteenoor: Die Here het Homself met sy bloed ons en ons kinders se Herder gemaak - nie ons aanklaer nie.
Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za   Ds Petrus.

Vrydag
Matteus 26: 26 – 31, 27: 15 – 26; Mat. 3: 13 – 16; Jer. 31: 31–34. Teks: Mat. 26:28: “Want dit is  my bloed, die bloed van die verbond wat vir baie uitgegiet word tot vergewing van sonde." Tema: 'Christus maak Hom deur sy bloed ons Herder.' Wat sal ons as kerk met ons kinders doen as ons toegee aan hierdie drif: " Hulle moet eers tot bekering kom omdat hulle skuldig is vir Jesus se dood." Hulle sal deur die kerk vir altyd in skuld voor God gestel word vir wat hulle met Jesus gedoen het. Want wat kan die skuld wegneem as jý die rede vir die Here se dood is? Niks nie! Hoekom sou ouers hulle kinders so grootmaak dat hulle van kleinsaf moet aanvaar dat hulle die rede is die Jesus se dood! Watter verwrongheid in hulle sal hulle as ouers laat trots voel as hulle kinders dan eendag só tot bekering kom: "Ons is skuldig aan die bloed van Jesus en hierdie saak moet ons self met God reg maak deur ons bekering!" Dit kan net wees as ouers voel hulle moet Jesus se bloed oor hul kinders afbid - “ laat sy bloed op ons en ons kinders kom.” Dit is totaal verwronge om in hierdie wangeloof as ouers te leef en met Jesus se bloed te doen wat die Jode met Jesus se bloed gedoen het. Óns doen niks met Jesus se bloed nie. Die Here Jesus het sélf sy bloed gegee om vir ons en ons kinders, (van die kleintjies tot die grotes - Jer. 31: 34) só te reinig van sonde dat die Here nooit meer aan ons dink volgens ons sondes nie. Hy dink nou aan ons en ons kinders in sy liefde as ons Goeie Herder. Dit is hoe die Here altyd aan ons kinders sal dink en daarvoor gee die Here aan hulle hierdie teken – die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Die Vader het aan sy Seun die opdrag gegee om ons se sonde op Hom tee neem en vrywillig sy lewe vir hulle af te lê. Christus het self sy lewe vir hulle

afgelê en weer opgeneem om vir hulle die Goeie Herder te wees. En die Vader en Seun het aan ons kinders hulle Gees gegee om hulle in te sluit en te laat deel in Jesus se lewe. Kom ons doop ons kinders as kinders van die verbond van die bloed van Jesus. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za    Ds Petrus.